HOOFSTUK 8

# DIE SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS EN DIE TOEPASSING DAARVAN

## 1. INLEIDING

By die insameling van kennis in verband met die gebeure in die skool, is navorsing en meting van kardinale belang. Die weten=skap speel 'n belangrike rol in die insameling van die soort kennis en daarom moet inligting altyd sistematies en op 'n wetenskaplik beplande wyse ingesamel word met die oog op die blootlegging van leemtes en voortreflikhede.

Waar dit dus in hierdie studie gaan om 'n waardebepaling van die bestaande praktyk insake die opleiding van onderwysers in die gebruik van oudiovisuele media binne die raamwerk van onderwys=tegnologie in 'n bepaalde provinsie, is sekere inligting in dié verband op grond van 'n vraelys ingesamel. Die samestelling van die vraelys en die toepassing daarvan word in hierdie hoof=stuk beskrywe.

Daarom is na deeglike besinning en deurdenking van hierdie onder=werp 'n aantal doelwitte saamgestel waaraan die opleiding van die onderwysstudent in hierdie verband behoort te voldoen (kyk hoof=stuk 5). In die samestelling van die vraelys is hiermee reke=ning gehou asook met die doelwitte wat betrekking het op onderwystegnologiese toerusting van die onderwysstudent soos aan die einde van die vorige hoofstuk beskrywe.

## 2. DIE VRAELYS

### 2.1 Wat 'n vraelys is

Die vraelys as meetinstrument, bestaan uit 'n aantal vrae in geskrewe vorm oor 'n bepaalde onderwerp. Omdat hierdie vrae op papier voorgelê word, is wisselwerking onpersoonlik van aard en hou dit die voordeel in dat 'n groot aantal respondente teen relatiewe lae koste betrek kan word. Verder bestaan daar al= gehele standaardisasie met betrekking tot opdragte aan die respondente en alle moontlike respons-formate kan ingesluit word (Fox, 1969:548).

Hierteenoor is die onderhoud 'n persoonlike wisselwerking tussen die navorser en die respondent. In hierdie geval word die vrae deur die navorser gestel en response aangemerk (Fox, 1969:543).

In hierdie studie word alle finalejaar-aspirant-onderwysers in Transvaal betrek en daar is op 'n vraelys besluit, nie omdat dit as die beste manier om sekere inligting te bekom, beskou word nie, maar omdat dit in die lig van praktiese oorwegings as geskik vir die doel van hierdie studie beskou word. In die geval van dosente is onderhoude gevoer asook van vraelyste gebruik gemaak.

### 2.2 Beoogde tegniek vir die samestelling van die vraelys

Dit word aanvaar dat deeglike beplanning die eerste stap in die daarstelling van 'n doeltreffende vraelys is (Fox, 1969:554). Omdat daar reeds besluit is om van die informatiewe tipe vraelys gebruik te maak (kyk p. 24 ) en dat die vraelys skriftelik be= antwoord moet word, is daar soos verderaan beskryf sal word, met die samestelling daarvan te werk gegaan.

2.3 Kriteria vir die samestelling van die vraelys

In hoofstuk 1 (pp. 17-18 ) is kriteria vir die samestelling van die vraelys geformuleer. Riglyne of doelwitte wat die opleiding van aspirant-onderwysers ten grondslag lê word in hoofstuk 7 (pp. 284-287 ) uiteengesit. Beide die kriteria en doelwitte is in aanmerking geneem by die samestelling van die vraelys sodat sover moontlik verseker kan word dat die vraelys 'n praktiese en doel= treffende meetinstrument in die verband sal wees. Die doel met die vraelys is om vas te stel hoe volledig en deeglik onderwys= studente opgelei word met betrekking tot implementering van onderwystegnologie - insluitende die hantering, doel en funksie van oudiovisuele media - in die praktyk. Die moontlikhede en beperkinge van afsonderlike hulpmiddels en hulpmiddels in kombi= nasie met ander, sowel as basiese tegniese kennis wat benodig word, moet by die opleiding deeglik in aanmerking geneem word. Deur middel van die vraelys sal gepoog word om 'n beeld van die stand van genoemde sake in Transvaal daar te stel.

3. DIE OORSPRONG VAN DIE VRAE IN DIE VRAELYS

Vrae wat in die vraelys vervat is, is in die eerste plek op grond van die eie ervaring van die navorser met betrekking tot die onderwystegnologie geformuleer. Die navorser het gebruik gemaak gemaak van bronne waarin na die samestelling van vraelyste verwys word, onder andere, Fox (1969:540-554), asook van navorsingstukke, onder andere S.L. van Wyk (1955: Die hele werk). Verder is ook

gebruik gemaak van die menings en wenke van ander ervare dosente en onderwysers.[1)]

## 4. DIE VRAELYS AAN STUDENTE

Die vraelys aan studente is aanvanklik soos volg saamgestel:

1) Die persone sluit onder andere, die volgende in:

Dr. G.D. Pretorius, Departementshoof, Didaktiese Opvoedkunde, Onderwyskollege Potchefstroom,

mnr. M.G. Potgieter, senior dosent, Oudiovisuele Onderwys, Onderwyskollege Potchefstroom,

mnr. P.J. van der Westhuizen, senior dosent, Oudiovisuele Onderwys, Onderwyskollege Pretoria,

mev. R. Snyman, senior lektrise, Oudiovisuele Onderwys, Universiteit van Pretoria,

mnr. J.H. Cameron, Hoof Hoër Tegniese Skool Potchefstroom, en

mnr. J.H. Labuschagne, senior dosent, Wiskunde, Onderwyskollege Potchefstroom.

Begeleidende brief aan onderwysstudente

Aangeheg vind u 'n vraelys insake oudiovisuele onderwyshulpmiddels. Hierdie vraelys het betrekking op die opleidingskursus in oudio=visuele hulpmiddels aan die inrigting waar u studeer, sowel as hulpmiddels wat in die skole waar u praktiese onderwys doen, ge=bruik word.

Die antwoorde op die vrae word vir navorsingsdoeleindes gebruik en sal as streng vertroulik beskou word. Daarom verskyn u naam nêrens op die vraelys nie.

Die navorser sal gegewens vir 'n tweeledige doel aanwend. Die eerste doel is om moontlike leemtes in die opleiding van onderwys=studente ten opsigte van die implementering van onderwyshulp=middels as integrale deel van hulle onderwys (m.a.w. onderwys=tegnologie) toe te pas. Tweedens sal gepoog word om langs hier=die weg sekere leemtes op hierdie gebied uit te skakel.

Die studie word natuurlik vir persoonlike nagraadse navorsing onderneem.

U samewerking in hierdie verband word hoog op prys gestel.

Baie dankie by voorbaat.

F.J. du Toit
Dosent, Oudiovisuele Onderwys
Onderwyskollege, Potchefstroom

1. Skool waar u praktiese onderwys gedoen het.

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

2a. Graad en/of Diploma. . . . . . . . . . 2b. Geboortedatum . . . . . . . . . .

3a. Jaargroep . . . . . . . . . . . . . . 3b. Man/Dame. (Omkring)

4. Vakke waarin student praktiese onderwys/proefonderwys doen:

a. b.

c. d.

5. Dui met 'n kruisie aan watter oudiovisuele hulpmiddels in die klaskamer beskikbaar was:

| | | | |
|---|---|---|---|
| a. Truprojektor | | d. Episkoop | |
| b. 35 mm projektor | | e. Platespeler | |
| c. 16 mm projektor | | f. Bandopnemer | |

6. Hoeveel het die onderwyser by wie u geplaas was van oudiovisuele hulpmiddels gebruik gemaak. Dui met 'n kruisie aan.

| | Daagliks | Soms | Nooit |
|---|---|---|---|
| a. Truprojektor | | | |
| b. 35 mm-projektor | | | |
| c. 16 mm-projektor | | | |
| d. Episkoop | | | |
| e. Platespeler | | | |
| f. Bandopnemer | | | |
| g. Ander - noem | | | |

7. Hoeveel keer het u (die student) van oudiovisuele hulpmiddels by u praktiese onderwys gebruik gemaak?

| | Elke les | Kritieklesse | Nooit | Aantal kere per week |
|---|---|---|---|---|
| a. Truprojektor | | | | |
| b. 35 mm-projektor | | | | |
| c. 16 mm-projektor | | | | |
| d. Episkoop | | | | |
| e. Platespeler | | | | |
| f. Bandopnemer | | | | |
| g. Ander - noem | | | | |

8. Beskryf asseblief die besondere geleenthede waar die oudiovisuele hulpmiddel met 'n groot mate van sukses gebruik is.

| Vak | Oudiovisuele hulpmiddel | Les |
|---|---|---|
| Bv. Bybelkunde | Oorlegtransparante in toets | David en Goliat |

9. Beskryf gevalle waar die oudiovisuele hulpmiddel sonder sukses gebruik is.

| Vak | Oudiovisuele hulpmiddel | Les |
|---|---|---|
| | | |

10. Dui met 'n kruisie aan watter tipe projeksieskerm in die klaskamer beskikbaar was.

a. Permanente hardebordskerm ☐
b. Dofwit oprolbare verskuifbare skerm ☐
c. Dofwit oprolbare permanent aangebring ☐
d. Daglig projeksieskerm ☐
e. Keersy projeksieskerm ☐
f. Ander (noem) ☐

11. Het u voorligting van die onderwyser ontvang in die gebruik van enige oudiovisuele apparaat.

Ja Nee (omkring)

Watter apparaat?

a. c.

b. d.

12. Het u geleenthede gehad om sketse of aantekeninge af te rol of te laat afrol?

Ja Nee (omkring)

13. Hoeveel transparante het u vir hierdie tydperk van praktiese onderwys gemaak?

| | Aantal |
|---|---|
| a. Handgemaak | |
| b. Masjiengemaak | |

14. In hoeveel lesse (uitgesonderd kritieklesse) het u van transparante gebruik gemaak. Aantal.

15. Watter hulpmiddels het u in elk van u kritieklesse gebruik?

| Vak | Les | Hulpmiddel |
|---|---|---|
| a. | | |
| b. | | |
| c. | | |
| d. | | |

16. Watter apparaat is reeds in u opleiding met u behandel. Dui met 'n kruisie aan.

a. Truprojektor ☐
b. 35 mm-projektor ☐
c. 16 mm-projektor ☐
d. Episkoop ☐
e. Platespeler ☐
f. Bandopnemer ☐
g. Ander (noem) ☐

17. Watter van die bogenoemde oudiovisuele apparaat het u self in u opleiding hanteer. Dui met 'n kruisie aan.

a. Truprojektor ☐
b. 35 mm-projektor ☐
c. 16 mm-projektor ☐
d. Episkoop ☐
e. Platespeler ☐
f. Bandopnemer ☐
g. Ander (noem) ☐

18. Watter van die bogenoemde apparaat word deur u dosente in u algehele opleiding gebruik? Dui met 'n kruisie aan.

a. Truprojektor ☐
b. 35 mm-projektor ☐
c. 16 mm-projektor ☐
d. Episkoop ☐
e. Platespeler ☐
f. Bandopnemer ☐
g. Geslotebaan-televisie ☐
h. Ander (noem) ☐

19. Watter veranderings sou u in u opleidingskursus in oudiovisuele onderwys aanbeveel sodat die kursus u beter sou toerus vir u onderwystaak. Merk met 'n kruisie asseblief.

a. Minder teoretiese werk. ☐
b. Meer praktiese hantering van apparaat deur die student. ☐
c. Minder tegniese gegewens i.v.m. apparaat. ☐
d. Beter demonstrasie deur u dosent. ☐
e. Dosent moet apparaat self meer gebruik. ☐

f. Ander aanbevelings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

Nadat hierdie vraelys saamgestel is, is dit voorgelê aan kenners wat dit bestudeer het en wenke aan die hand gedoen het ten opsigte van vorm, taal, inhoud en tegniese versorging. Die persone is:

(i) Prof. H.B. Kruger - Assistent Direkteur, Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing, PU vir CHO.

(ii) Dr. P.J. van Zyl - destyds senior lektor in Empiriese Opvoedkunde, PU vir CHO.

(iii) Prof. L.A. Gouws - Professor in Psigologie, PU vir CHO.

(iv) Prof. B.C. Schutte - Professor in Teoretiese Opvoedkunde, PU vir CHO.

(v) Dr. N.J. Mentz - Hoof, Transvaalse Onderwysburo.

(vi) Dr. H.S. Steyn - senior lektor, Departement Statistiek, PU vir CHO.

Hierdie persone het sekere veranderings aanbeveel wat kortliks soos volg saamgevat word:

(i) Daar is aanbeveel dat die vraelys in afdelings verdeel word soos volg:

A. Persoonlike gegewens.
B. Praktiese Onderwys/Proefonderwys.
C. Opleidingskursus.
D. Teoretiese Grondslae insake oudiovisuele onderwys.
E. Menings en wenke.

(ii) Daar is aanbeveel dat ruimtes aan die regterkant van die bladsy aangebring word sodat dit die nasien van gegewens sal vergemaklik.

(iii) Enkele veranderings ten opsigte van woordgebruik is aan=beveel om moontlike verwarring of dubbelsinnigheid uit

te skakel soos bv. praktiese onderwys/proefonderwys in vraag 1, 7 en 13.

(iv) Daar is ook aanbeveel dat lyne voorsien moet word vir die vrae waarop skriftelike kommentaar of aanbevelings gelewer moet word.

(v) Nog 'n aanbeveling was dat die vraag: Wat beskou u as die ideale aantal studente vir hierdie klasse? bygevoeg moes word.

(vi) 'n Verdere aanbeveling was dat 'n begeleidende brief wat studente tot 'n eerlike bydrae sou prikkel, bygevoeg moes word.

(vii) 'n Vraelys aan hoofde van skole is deur die TOD afgekeur op grond van die feit dat 'n soortgelyke vraelys 'n paar jaar gelede (1971) deur die onderwysburo aan skole voor=gelê is. Die aanvanklike vraelys in dië verband word gevolglik nie aangeheg/ingesluit nie.

Vraag 2a lui: Graad en/of Diploma;
Daar is aanbeveel dat die vraag verander moet word na: Kursus, bv. UOD, HNOD of J. Primêr.[1)]

Nadat bogenoemde veranderings aangebring is, is die vraelys soos volg, hersaamgestel.

---

1) Met die toepassing van die vraelys was die ou benamings nog van krag.

Onderwyskollege Potchefstroom
Borcherdstraat
POTCHEFSTROOM

30 September 1975

Geagte Student,

Aangeheg vind u 'n vraelys insake die toepassing van onderwys=tegnologiese beginsels (Met die klem op oudiovisuele hulpmiddels). Hierdie vraelys het betrekking op die opleidingskursus in bo=genoemde rigting aan die inrigting waar u studeer sowel as op die implementering daarvan in die skole waar u praktiese onderwys/proefonderwys gedoen het. Sal u asseblief so vriendelik wees om hierdie vraelys te beantwoord.

Ek gaan hierdie gegewens gebruik om my eie en ander dosente se onderwys van die vak (maklik as droog en oninteressant bestempel) waardevoller en doeltreffender te maak. U kan help om leemtes bloot te lê en deur u inspraak langs hierdie weg die leemtes op te vul.

Dan is ek darem 'n bietjie persoonlik ook, want u kan my help om 'n doktorsgraad te verwerf.

U samewerking in hierdie verband word hoog op prys gestel.

Baie dankie by voorbaat.

F.J. du Toit
Dosent, Oudiovisuele Onderwys
Onderwyskollege Potchefstroom

VRAELYS AAN ONDERWYSSTUDENTE

Merk asseblief met 'n kruisie waar van toepassing.

A. PERSOONLIKE GEGEWENS

1. Dui asseblief die volgende gegewens in verband met uself aan.

a. Geboortedatum: . . . . . . . . . . . . . . . . .

b. Geslag Manlik ☐ Vroulik ☐

c. Jaargroep ☐

d. Kursus, bv. UOD, HNOO of J. Primêr, ens. . . . . . . . . . . . . . . . .

e. Vakke waarin u praktiese onderwys/proefonderwys gedoen het:

(i) . . . . . . . . . . . . . .(ii) . . . . . . . . . (iii) . . . . . . . .

B. PRAKTIESE ONDERWYS/PROEFONDERWYS

2. Noem die naam van die skool waar u laas praktiese/proefonderwys gedoen het.

. . . . . . . . . . . . . . . . .

3. Dui aan watter van die volgende oudiovisuele hulpmiddels u in die klas=kamer(s) van die skool waar u geplaas was, tot u beskikking gehad het.

a. Truprojektor ☐
b. 35 mm-projektor ☐
c. 16 mm-projektor ☐
d. Episkoop, epidiaskoop, diaskoop ☐
e. Platespeler ☐
f. Bandopnemer ☐

4. Hoe dikwels het u van die volgende oudiovisuele hulpmiddels gebruik gemaak:

| | Elke les | Kritieklesse | Nooit | Aantal kere per week |
|---|---|---|---|---|
| a. Truprojektor | | | | |
| b. 35 mm-projektor | | | | |
| c. 16 mm-projektor | | | | |
| d. Episkoop | | | | |
| e. Platespeler | | | | |
| f. Bandopnemer | | | | |
| g. Modelle | | | | |
| h. Skryfbord | | | | |

5. Beskryf gevalle waar u self die oudiovisuele hulpmiddel met sukses gebruik het.

| Vak | Oudiovisuele hulpmiddel | Les |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

6. Beskryf gevalle waar u self die oudiovisuele hulpmiddel sonder sukses gebruik het.

| Vak | Oudiovisuele hulpmiddel | Les |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

7. Dui aan watter van die volgende tipes projeksieskerms in die klaskamer beskikbaar was.

a. Permanente hardebordskerm ☐
b. Dofwit oprolbare verskuifbare skerm ☐
c. Dofwit oprolbare skerm permanent aangebring ☐
d. Daglig projeksieskerm ☐
e. Keersy projeksieskerm ☐
f. Ander (Noem) ☐

8a. Het u voorligting van die onderwyser in die gebruik van enige oudiovisuele hulpmiddels ontvang?

Ja ☐ Nee ☐

b. Indien wel, watter apparaat?

(i) . . . . . . . . . . . . . . . . (iii) . . . . . . . . . . . . . . . .

(ii) . . . . . . . . . . . . . . . . (iv) . . . . . . . . . . . . . . . .

9. Het u tydens u praktiese onderwys/proefonderwys geleentheid gehad om sketse of aantekeninge:

a. te dupliseer? Ja ☐ Nee ☐

b. te laat dupliseer? Ja ☐ Nee ☐

10. Hoeveel transparante het u tydens u praktiese onderwys/proefonderwys gemaak:

a. Handgemaak? ☐

b. Masjiengemaak? ☐

11. In hoeveel lesse (uitgesonderd kritieklesse) het u van transparante gebruik gemaak? Aantal. ☐

12. Watter oudiovisuele hulpmiddels het u in elk van u kritieklesse gebruik?

| Vak | Les | Hulpmiddel |
|---|---|---|
| a. | | |
| b. | | |
| c. | | |
| d. | | |
| e. | | |
| f. | | |

C. OPLEIDINGSKURSUS

13. Watter van die volgende apparaat is reeds in u opleiding deeglik met u behandel? Dui almal met 'n kruisie aan.

a. Truprojektor ☐

b. 35 mm-projektor ☐

c. 16 mm-projektor ☐

d. Episkoop, epidiaskoop, diaskoop ☐

e. Platespeler ☐

f. Bandopnemer ☐

g. Transparantmaker ☐

h. Fotokopieerder ☐

i. Dupliseermasjien ☐

14. Watter van die volgende oudiovisuele apparaat het u self in u opleiding hanteer?

a. Truprojektor ☐

b. 35 mm-projektor ☐

c. 16 mm-projektor ☐

d. Episkoop, epidiaskoop, diaskoop ☐

e. Platespeler ☐

f. Bandopnemer ☐

g. Transparantmaker ☐

h. Fotokopieerder ☐

i. Dupliseermasjien ☐

15. Maak u van die mikro-onderrigtegniek by u opleiding gebruik? Ja ☐ Nee ☐

16. Word van geslotebaantelevisie by u opleiding gebruik gemaak? Ja ☐ Nee ☐

D. TEORETIESE GRONDSLAE

17. Is die volgende in u opleidingskursus met u behandel:

| | Ja | Nee |
|---|---|---|
| a. Historiese ontwikkeling van oudiovisuele onderrig? | | |
| b. Psigologiese grondslae van oudiovisuele onderrig? | | |
| c. Die sisteembenadering in die onderwys? | | |
| d. Geprogrammeerde onderrig? | | |
| e. Onderwystegnologie? | | |
| f. Die plek van die oudiovisuele hulpmiddel in onderwystegnologie? | | |
| g. Oudiovisuele onderrig as integrale deel van onderwysmetodiek? | | |
| h. Vervaardiging van oudiovisuele materiaal? | | |
| i. Filosofiese grondslae van oudiovisuele onderrig? | | |

E. MENINGS EN WENKE

18. Watter veranderings sou u in u opleidingskursus in oudiovisuele onderrig aanbeveel sodat die kursus u beter sou toerus vir u onderwystaak?

| | Ja | Nee |
|---|---|---|
| a. Meer praktiese hantering van apparaat deur uself. | | |
| b. Minder tegniese gegewens in verband met apparaat. | | |
| c. Minder teoretiese werk. | | |
| d. Beter demonstrasie deur u dosent/lektor. | | |
| e. Dosente/lektore moet aoparaat self meer gebruik. | | |
| f. Meer individuele aandag aan studente. | | |
| g. 'n Afrikaanse handleiding. | | |

h. Ander aanbevelings. Spesifiseer asseblief.

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

Die gewysigde vraelys is vervolgens aan twee groepe studente voorgelê, 'n groep van 30 studente aan die Potchefstroomse Onderwyskollege en 'n groep van 30 studente aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Die respondente het bestaan uit toevallig gekose groepe studente. Dié groepe het nie later die geredigeerde vraelys beantwoord nie. Op grond van die resultate van hierdie proefneming is die vraelys gewysig deur die aanbring van blokkies by vraag 18 sodat studente hulle antwoord kon gee deur 'n kruisie te trek in die bepaalde kolom waar "ja" of "nee" aangedui word.

Die vraelys is gedurende die tweede helfte van hulle finale jaar aan die studente voorgelê. Die rede hiervoor is dat indien die vraelys op 'n vroeër tydstip gedurende die kursus voorgelê is, die response van die proefpersone op sekere vrae heelwaarskynlik nie dieselfde sou wees nie aangesien hulle dan nog nie die hele sillabus sou behandel het nie en ook nie dieselfde inligting sou kon verskaf op vrae met betrekking tot praktiese onderwys nie. Daar is vasgestel op watter stadium die werk deur die betrokke dosente afgehandel sou wees en die tyd vir die voorlegging van die vraelys is dienooreenkomstig beplan. Daar word dus aanvaar dat die vraelys 'n betroubare weergawe is van die werk wat by die onderskeie inrigtings gedurende die opleidingstydperk behandel is (Thyne, 1974:13-15).

Geen meetmiddel of vraelys kan ooit volkome voldoen aan die vereiste van objektiwiteit nie omdat die emosionele ingesteldheid van 'n individu op dié bepaalde stadium wanneer 'n toets afgelê word of 'n vraelys beantwoord word 'n belangrike rol speel. Weens die feit dat van anonieme beantwoording in die geval van die betrokke vraelys gebruik gemaak word, word die hoogs

moontlike voorsorg getref vir objektiewe beantwoording daarvan (Onderhoud met dr. S. Oosthuizen, Departement Sielkunde, PU vir CHO).

4.1 Beoordeling van die vraelys

Skrywer hiervan het die vraelys vervolgens in die lig van die kriteria soos in hoofstuk I uiteengesit (pp. 17-18 ), ontleed en die resultate kan soos volg opgesom word.

Kriterium (i): Die begeleidende brief sal sodanig wees dat die proefpersone die doel van die ondersoek duidelik daaruit sal aflei.

In die begeleidende brief aan studente word die doel en strekking van die vraelys duidelik uiteengesit. Uit die voorlegging van die vraelys aan die twee proefgroepe het duidelik geblyk dat geen probleme met die beantwoording ondervind is nie.

Kriterium (ii): Daar sal gebruik gemaak word van anonieme be= antwoording om betroubare antwoorde te elisiteer.

In geen geval word verwag dat proefpersone hulle name moet ver= strek nie.

Kriterium (iii): Daar sal van kort vrae met duidelike bewoor= ding gebruik gemaak word om sodoende onnodige verduideliking uit te skakel.

Instruksies in verband met die beantwoording van die vrae, sowel as die vrae self is duidelik en kernagtig bewoord sodat die

proefpersone maklik verstaan en uitvoering kan gee aan die eise wat gestel word.

Kriterium (iv): Die lengte sal sodanig wees dat dit maklik in een lesingperiode afgehandel kan word.

By die voorlegging van die vraelys aan die proefgroepe het dit geblyk dat die vraelys aan hierdie kriterium voldoen.

Kriterium (v): Die responsformaat sal sodanig wees dat die hoe= veelheid skryfwerk aan die kant van die proefpersone tot die minimum beperk sal wees.

Slegs in vrae la, d en e, 2, 5, 6, 8b en 12 word van die res= pondente verwag om antwoorde deur middel van enkele woorde te verstrek. In vraag 18h word van respondente verlang om aan= bevelings in die vorm van 'n sin aan te dui. Origens word ver= waq dat 'n kruisie in die toepaslike blokkie getrek moet word.

Kriterium (vi): Die vraelys sal gestruktureer word op 'n wyse wat die verwerking van resultate sal vergemaklik.

Die voorsiening van ruimtes aan die regterkant van die bladsye maak dit moontlik om resultate maklik te verwerk. Selfs in die geval van enkele vrae in tabelvorm is dit nog eenvoudig om die gegewens te verwerk.

4.2 Die vraelys in die lig van die doelwitte gestel vir die opleiding van onderwysers m.b.t. onderwystegnologie

Die ondersoeker het ook seker gemaak dat die vraelys volgens die gestelde doelwitte in hoofstuk 7 (pp. 284-287 ) opgestel word. Dit

word soos volg saamgevat:

Doelwit (i): Die onderwysstudente moet so volledig moontlik opgelei word met betrekking tot die doel, funksie en hantering van die oudiovisuele hulpmiddels wat op die oomblik as sodanig in die provinsie erken en aanvaar word.

Uit vrae 13, 14 en 18 word gegewens verlang deur middel waarvan bepaal kan word of die opleiding van aspirant-onderwysers aan bostaande doelwit voldoen.

Doelwit (ii): 'n Omvattende opleiding in die produksie van onderwysmateriaal vir gebruik in bepaalde didaktiese situasies. Dit sluit in die maak van transparante, eie skyfies en strook=films asook die verskillende tegnieke vir gewone dupliseerwerk.

Na aanleiding van vrae 9, 10 en 17h word gegewens geëlisiteer waardeur hierdie doelwit getoets word.

Doelwit (iii): Met die oog op moontlike toekomstige ontwikkeling moet onderwysstudente aan opleidingsinrigtings van die nodige basiese agtergrondkennis in verband met die beginsels van onderwystegnologie voorsien word.

Hierdie doelwit word getoets deur middel van gegewens uit die antwoorde op vraag 17 asook dië uit vraag 18.

Doelwit (iv): Die rol en funksie van die onderwyser in die onderwystegnologiese situasie moet onder andere die volgende insluit:

(i) Bewaring van 'n goeie balans tussen teoretiese en prak= tiese aspekte van lesse met die oog op doeltreffende hantering van onderwyshulpmiddels.

(ii) Hy moet weet hoe om hulpmiddels op die korrekte wyse te hanteer.

(iii) Die vakonderwyser moet op hoogte wees insake doeltref= fende integrering van hulpmiddels met die oog op weten= skaplike strukturering van lesse.

In vrae 8, 12, 15, 16 en 17b, c, d, f en g word antwoorde verlang wat 'n aanduiding sal gee of die opleiding van aspirant-onder= wysers aan hierdie doelwit voldoen.

In die lig van bostaande uiteensetting kan gesê word dat die vraelys saamgestel is met inagneming van die neergelegde kriteria en die relevante onderwysdoelwitte. Dit word dus vir die doel= eindes van hierdie studie as 'n geskikte meetinstrument beskou.

4.3 Vertaling van die vraelys

Hierna is die vraelys in Engels vertaal. Hierdie taak is behartig deur:

(i) mnr. J. Coetzee, dosent in Engels, Onderwyskollege Potchefstroom;

(ii) mnr. C. le R. Snyman, senior dosent in Engels, Onderwys= kollege Potchefstroom.

Onderwyskollege Potchefstroom
Borcherd Street
POTCHEFSTROOM 2520

Dear Student,

Attached is a questionnaire which concerns the application of educational technological principles (with special reference to audiovisual teaching aids). This questionnaire refers to your training course in the above mentioned direction at your centre of training as well as the application thereof in the schools where you were placed for practice teaching. Will you please be so kind as to complete this questionnaire.

I propose to use the information supplied by you in an attempt to improve not only my own lectures but also the standard of the subject in general as it is often considered to be uninteres-ting.- Would you kindly help me to identify possible short=comings by your views.

It is also a personal matter to me because you can help me to complete my doctorate.

Your co-operation in this respect will be highly appreciated.

Thanking you in anticipation.

F.J. du Toit
Lecturer in Audiovisual Instruction
Onderwyskollege Potchefstroom.

QUESTIONNAIRE TO STUDENTS

Please indicate with a cross where applicable.

A. PERSONAL INFORMATION

1. Please supply the following information concerning yourself.

a. Date of birth . . . . . . . . . . . . . . . .

b. Sex Male [ ] Female [ ]

c. Group e.g. 3rd year, 4th year. [ ]

d. Course e.g. UED, HNED or Junior Primary . . . . . . . . . . . . . . . .

e. Subjects in which you did practice teaching:

(i) . . . . . . . . . . . (ii) . . . . . . . . . (iii) . . . . . . . . . . . .

B. PRACTICE TEACHING

2. Name the school where you were placed for your previous practice teaching.

. . . . . . . . . . . . . . . . . .

3. Indicate which of the following teaching aids you had at your disposal in the classroom of the school where you were placed.

| | |
|---|---|
| a. Overhead projector | |
| b. 35 mm-projektor | |
| c. 16 mm-projektor | |
| d. Episcope, epidiascope, diascope | |
| e. Record player | |
| f. Tape recorder | |

4. How often did you make use of the following audiovisual aids:

| | Every lesson | Criticism lessons | Never | Number of times per week |
|---|---|---|---|---|
| a. Overhead projector | | | | |
| b. 35 mm-projector | | | | |
| c. 16 mm-projector | | | | |
| d. Episcope | | | | |
| e. Record player | | | | |
| f. Tape recorder | | | | |
| g. Models | | | | |
| h. Blackboard | | | | |

5. Describe cases in which you yourself used audiovisual aids successfully.

| Subject | Audiovisual Aid | Lesson |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

6. Describe cases in which you yourself used audiovisual aids without success.

| Subject | Audiovisual Aid | Lesson |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

7. Indicate which of the following projection screens you had in the classroom.

a. Permanent hardboard screen ☐
b. Matte white movable screen ☐
c. Matte white screen fitted permanently ☐
d. Daylight projection screen ☐
e. Rearview projection screen ☐
f. Others (name) ☐

8a. Did you receive help from the teacher in the use of any audiovisual aid?

Yes ☐ No ☐

b. If so, which aid?

(i) . . . . . . . . . . . . . . . . . (iii) . . . . . . . . . . . . . . . .

(ii) . . . . . . . . . . . . . . . . (iv) . . . . . . . . . . . . . . .

9. Did you have the opportunity during practice teaching to:

a. duplicate notes or sketches? Yes ☐ No ☐

b. to have notes or sketches duplicated? Yes ☐ No ☐

10. How many transparencies did you make during your practice teaching?

a. Hand made ☐

b. Machine made ☐

11. In how many lessons excepting criticism lessons did you use transparencies?

Number ☐

12. Which audiovisual aids did you use in each of your criticism lessons?

| Subject | Lesson | Aid |
|---|---|---|
| a. | | |
| b. | | |
| c. | | |
| d. | | |
| e. | | |
| f. | | |

C. TRAINING COURSE

13. Which of the following did your lecturers explain properly in your training? Mark each one with a cross.

a. Overhead projector ☐

b. 35 mm-projector ☐

c. 16 mm-projector ☐

d. Episcope, epidiascope, diascope ☐

e. Record player ☐

f. Tape recorder ☐

g. Thermal copier ☐

h. Photocopying machine ☐

i. Duplicating machines ☐

14. Which of the following audiovisual media did you personally handle in your training?

a. Overhead projector ☐

b. 35 mm-projector ☐

c. 16 mm-projector ☐

d. Episcope, epidiascope, diascope ☐

e. Record player ☐

f. Tape recorder ☐

g. Thermal copier ☐

h. Photocopying machine ☐

i. Duplicating machine ☐

15. Do you use the micro-teaching system in your training? Yes ☐ No ☐

16. Is closed circuit television used in your training? Yes ☐ No ☐

D. THEORETICAL FOUNDATIONS

17. Do you have the following in your training:

| | | Yes | No |
|---|---|---|---|
| a. | Historical development of audiovisual instruction? | | |
| b. | Psychological oundations of audiovisual instruction? | | |
| c. | Systematic approach in education? | | |
| d. | Programmed teaching? | | |
| e. | Educational technology? | | |
| f. | Audiovisual aids as integral part of instructional technology? | | |
| g. | Audiovisual instruction as integral part of teaching method? | | |
| h. | Preparation of audiovisual materials? | | |
| i. | Philosophical foundation of audiovisual instruction? | | |

E. VIEWS AND SUGGESTIONS

18. Which changes would you suggest in your training course so that you would be better qualified for your teaching career?

| | | Yes | No |
|---|---|---|---|
| a. | More practical handling of apparatus. | | |
| b. | Less technical knowledge about apparatus. | | |
| c. | Less theoretical work. | | |
| d. | Better demonstration by lecturers. | | |
| e. | Lecturers should use audiovisual media in lectures. | | |
| f. | More individual attention to students. | | |
| g. | An appropriate textbook. | | |

h. Other recommendations. Please specify.

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

### 4.4 Toestemming van die TOD en die betrokke inrigtings

Nadat toestemming van die Direkteur van die Transvaalse Onderwys= departement verkry is, is 'n skrywe aan die verskillende onderwys= kolleges gerig om toestemming te verkry vir voorlegging van die vraelys aan finalejaarstudente. Ook is inligting gevra in ver= band met die aantal finalejaarstudente.

Daar is ook 'n skrywe gerig aan die Dekane van die Opvoedkunde= fakulteite van die vier Universiteite in Transvaal om toestemming te kry vir voorlegging van die vraelyste aan finalejaar onderwys= studente.

## 5. DIE VRAELYS AAN DOSENTE

Die vraelys is aan departementshoofde gerig met die oog op die voltooiing daarvan ten opsigte van dosente in hulle onderskeie departemente. By die samestelling van die vraelys is dieselfde persone wat met die samestelling van die vraelys aan studente behulpsaam was, se hulp weer ingeroep en is dieselfde same= stellingsprosedure gevolg. Die vraelys aan dosente word hierby aangeheg asook die vertaling daarvan.

DIE DEPARTEMENTSHOOF: OUDIOVISUELE ONDERWYS

Merk asseblief met 'n kruisie waar van toepassing.

A. PERSONEEL

1. Hoeveel dosente/lektore aan u inrigting is verantwoordelik vir die opleiding van studente in oudiovisuele hulpmiddels? [ ]

2. Dui asseblief met behulp van 'n kruisie in die gepaste blokkie aan oor watter kwalifikasies dosente/lektore wat verantwoordelik is vir oudiovisuele onderwys beskik.

| Dosent nr. | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| a. Laer Onderwysdiploma | | | | |
| b. Hoër Onderwysdiploma | | | | |
| c. Eerste universiteitsgraad (bv. B.A.of B.Sc. spesifiseer) | | | | |
| d. Honneursgraad (spesifiseer vak) | | | | |
| e. B.Ed. | | | | |
| f. M.Ed. | | | | |
| g. D.Ed. | | | | |
| h. Ander nagraadse kwalifikasies (Spesifiseer) | | | | |

3. Dui asseblief met behulp van 'n syfer aan oor hoeveel ervaring elke dosent/lektor verantwoordelik vir oudiovisuele onderwys, beskik.

| Dosent nr. | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| a. Onderwyservaring (jaar) | | | | |
| b. Onderwyskollege ervaring (jaar) | | | | |
| c. Universiteitservaring (jaar) | | | | |
| d. Ervaring in die doseer van oudiovisuele hulpmiddels (jaar) | | | | |

B. STUDIEKURSUS

4. Dui ten opsigte van die vak oudiovisuele onderwys ook die volgende gegewens aan.

a. Aantal lesings per week

| | | |
|---|---|---|
| Aantal lesings per week | 1e kwartaal/termyn | |
| | 2e kwartaal/termyn | |
| | 3e kwartaal/termyn | |
| | 4e kwartaal | |

b. Tydsduur van kursus — 1 jaar [ ] / 2 jaar [ ] / 3 jaar [ ]

c. Aantal periodes per jaar [ ]

d. Aantal praktiese periodes per jaar [ ]

e. Tydsduur van praktiese periodes per week (min.) [ ]

5. Bied u inrigting die volgende kursusse in oudiovisuele onderwys aan:

a. 'n Spesialiseringskursus in oudiovisuele onderwys? Ja [ ] Nee [ ]

b. Oudiovisuele onderwys as 'n opsionele kursus vir studente wat nie in hierdie rigting spesialiseer nie? Ja [ ] Nee [ ]

c. Oudiovisuele onderwys as integrale deel van die algemene metodiekkursusse? Ja [ ] Nee [ ]

6. Maak u gebruik van die mikro-onderrigtegniek by die opleiding van u onderwysstudente? Ja [ ] Nee [ ]

C. APPARAAT EN LOKALE

7. Dui die aantal van elk van die volgende apparaat tot u beskikking vir demonstrasie en praktiese doeleindes in die vak oudiovisuele onderwys aan.

a. Truprojektors [ ]

b. 35 mm-projektors [ ]

c. 16 mm-projektors [ ]

d. Episkope, epidiaskope, diaskope [ ]

e. Bandopnemers [ ]

f. Platespelers [ ]

g. Transparantmakers [ ]

h. Fotokopieerders [ ]

i. Afrolmasjiene [ ]

8a. Beskik u inrigting oor geslotebaantelevisie? Ja [ ] Nee [ ]

b. Maak u van geslotebaantelevisie gebruik by onderrig van onderwysstudente? Ja [ ] Nee [ ]

9a. Beskik u inrigting oor 'n taallaboratorium? Ja ☐ Nee ☐

b. Word van u taallaboratorium gebruik gemaak by die opleiding van u onderwysstudente? Ja ☐ Nee ☐

c. Word u onderwysstudente opgelei in die gebruik van 'n taallaboratorium vir onderwysdoeleindes? Ja ☐ Nee ☐

10. Beskik u inrigting oor die volgende fasiliteite vir oudiovisuele onderwys

a. 'n Ouditorium? Ja ☐ Nee ☐

b. 'n lesingkamer spesiaal toegerus vir oudiovisuele onderwys? Ja ☐ Nee ☐

c. lesingkamers wat so toegerus is dat hulle gebruik kan word vir oudiovisuele onderrig? Ja ☐ Nee ☐

D. STUDENTE

11. Dui die aantal onderwysstudente aan wat vanjaar oudiovisuele onderwys ontvang.

a. 1e-jaarstudente ☐

b. 2e-jaarstudente ☐

c. 3e-jaarstudente ☐

d. 4e-jaarstudente ☐

12a. Hoeveel studente is daar in u grootste klas in oudio= visuele onderwys? ☐

b. Wat beskou u as die ideale aantal studente per klasgroep vir onderrig in oudiovisuele hulpmiddels? ☐

13a. Kry elke student tans geleentheid om elke oudio= visuele apparaat te hanteer? Ja ☐ Nee ☐

b. Evalueer u die vermoë van die studente in die praktiese hantering van oudiovisuele apparaat? Ja ☐ Nee ☐

E. TEORETIESE GRONDSLAE

14. Word die volgende in oudiovisuele onderwys met die studente behandel:

| | Ja | Nee |
|---|---|---|
| a. Historiese ontwikkeling van oudiovisuele onderwys? | | |
| b. Psigologiese grondslae van oudiovisuele onderwys? | | |
| c. Die sisteembenadering in die Onderwys? | | |
| d. Geprogrammeerde onderrig? | | |
| e. Onderwystegnologie? | | |
| f. Die plek van die oudiovisuele media in onderwystegnologie? | | |
| g. Vervaardiging van oudiovisuele materiaal? | | |

F. MENINGS EN WENKE

15. Wat is u mening in verband met die opleidingskursus in oudiovisuele onderwys aan u inrigting? Dui met 'n kruisie aan.

| | | |
|---|---|---|
| a. | Opleiding is toereikend. | |
| b. | Opleiding is slegs teoreties van aard. | |
| c. | Opleiding is te tegnies van aard. | |
| d. | Meer tyd kan aan praktiese hantering van apparaat gewy word. | |
| e. | Demonstrasie of modellesse behoort gegee te word. | |
| f. | Meer tyd is nodig vir behandeling van die werk. | |
| g. | Meer individuele aandag behoort aan studente gegee te word. | |
| h. | Geen doeltreffende handleiding beskikbaar nie. | |

i. Ander aanbevelings. Spesifiseer asseblief.

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

G. ALGEMEEN

16. Watter boeke in verband met oudiovisuele hulpmiddels skryf u aan u studente voor? Gee asseblief die outeur, titel, plek van uitgawe, uitgewer en datum.

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

17. Indien u van afgerolde aantekeninge gebruik maak sal ek dit waardeer as u 'n kopie aan my kan stuur.

18. Stuur asseblief vir my 'n afskrif van u sillabus in oudiovisuele onderwys.

THE HEAD OF DEPARTEMENT: AUDIOVISUAL INSTRUCTION

Please indicate with a cross where applicable.

A. STAFF

1. How many lecturers are responsible for instruction in audiovisual aids at your college/university? [ ]

2. Please supply information concerning the qualifications of lecturers responsible for audiovisual instruction.

| Lecturer no. | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| a. Primary Education diploma | | | | |
| b. Secondary Education diploma | | | | |
| c. First University degree (eg. B.A. or B.Sc., specify) | | | | |
| d. Honours degree (specify subject) | | | | |
| e. B.Ed. | | | | |
| f. M.Ed. | | | | |
| g. D.Ed. | | | | |
| h. Other postgraduate qualifications (specify) | | | | |

3. Please indicate the number of years of experience of each lecturer responsible for audiovisual instruction.

| Lecturer no. | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| a. Teaching experience (years) | | | | |
| b. Teachers' training college experience (years) | | | | |
| c. Experience at a university (years) | | | | |
| d. Experience in the lecturing of audiovisual aids (years) | | | | |

B. TRAINING COURSE

4. Please supply the following information concerning the course in audiovisual aids at your college/university.

a. Number of lectures per group per week

| | |
|---|---|
| 1st term | |
| 2nd term | |
| 3rd term | |
| 4th term | |

b. Length of course — 1 year ☐ / 2 years ☐ / 3 years ☐

c. Number of theory periods per year. ☐

d. Number of practical periods per year. ☐

e. Hours of practical work per week. (minutes) ☐

5. Does your university/college offer any of the following courses in audiovisual aids:

a. A specializing course in audiovisual aids? Yes ☐ No ☐

b. Audiovisual instruction as optional course for students not specializing in audiovisual aids? Yes ☐ No ☐

c. Audiovisual instruction as integral part of teaching method courses? Yes ☐ No ☐

C. APPARATUS AND LECTURE ROOMS

7. Please indicate the number of each of the follwing apparatus used for demonstration and practical purposes in the subject audiovisual aids.

a. Overhead projectors ☐

b. 35 mm-projectors ☐

c. 16 mm-projectors ☐

d. Episcopes, epidiascopes, diascopes ☐

e. Tape recorders ☐

f. Record players ☐

g. Thermal copier ☐

h. Fotocopying machines ☐

i. Duplicating machines ☐

8a. Do you have closed circuit television? Yes ☐ No ☐

b. Do you make use of closed circuit television in the training of would-be teachers? Yes ☐ No ☐

9a. Do you have a language laboratory? Yes ☐ No ☐

b. Do you make use of the language laboratory in the training of would-be teachers? Yes ☐ No ☐

c. Are your students trained in the use of the language laboratory for educational purposes? Yes ☐ No ☐

10. Do you have the following facilities for audiovisual instruction?

a. An auditorium? Yes [ ] No [ ]

b. Lecture rooms specifically arrange for audiovisual instruction? Yes [ ] No [ ]

c. Lecture rooms that can be used for audiovisual instruction? Yes [ ] No [ ]

D. STUDENTS

11. Indicate the number of students receiving audiovisual instruction this year.

a. 1st year students [ ]

b. 2nd year students [ ]

c. 3rd year students [ ]

d. 4th year students [ ]

12a. How many students are there in your biggest class for audiovisual instruction? [ ]

b. What do you consider the ideal number of students per group for audiovisual instruction? [ ]

13a. Does every student have the opportunity of handling each audiovisual aid? Yes [ ] No [ ]

b. Do you evaluate the ability of students in the practical handling of audiovisual aids? Yes [ ] No [ ]

E. THEORETICAL FOUNDATIONS

14. Do you attend to the following in audiovisual instruction of your students:

| | Yes | No |
|---|---|---|
| a. Historical development of audiovisual instruction? | | |
| b. Psychological foundations of audiovisual instruction? | | |
| c. The systematic approach in education? | | |
| d. Programmed teaching? | | |
| e. Instructional technology? | | |
| f. The place of audiovisual media in instructional technology? | | |
| g. Preparation of audiovisual materials? | | |

F. VIEWS AND SUGGESTIONS

15. What are your views on the training course in audiovisual instruction at your college/university.

a. Training is sufficient. ☐
b. Training is too theoretical. ☐
c. Training includes too much technical knowledge. ☐
d. More time can be given to practical handling of apparatus. ☐
e. Demonstration or model lessons should be given. ☐
f. More time is needed. ☐
g. More individual attention should be given to students. ☐
h. Lack of effective textbooks. ☐
i. Further recommendations. Please specify.

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

G. GENERAL

16. Which prescribed textbooks on audiovisual aids do you use. Please supply the title, author, place of issue, publisher and date of issue.

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

17. If you make use of duplicated notes please let me have a copy.

18. Please send me a copy of your syllabus in audiovisual instruction.

## 6. BESOEKE AAN DIE INRIGTINGS

Vervolgens is besoeke aan die inrigtings telefonies gereël en afgehandel tussen 1 en 15 September 1975. By hierdie besoeke is reëlings getref in verband met die beantwoording van die vraelys tussen 15 September en 15 Oktober 1975 nadat die kursus in oudiovisuele onderwys afgehandel is. Die prosedure vir be= antwoording is verduidelik. In aansluiting hierby het die navorser waar moontlik, besoeke afgelê in lesinglokale en oudio= visuele sentra en is waarnemings gedoen in verband met die werk- en aanbiedingswyse wat by elke inrigting gevolg word.

## 7. KEUSE VAN PROEFPERSONE

By die keuse van die proefpersone is daar soos volg te werk ge= gaan:

### 7.1 Studente

Al die finalejaarstudente by die vier onderwyskolleges en die vier universiteite vir die jaar 1975 is by die ondersoek betrek. Die vraelys is aan al hierdie studente aan die einde van hulle studiekursus voogelê. Sodoende is 'n betroubare beeld verkry van die werklike stand van hulle opleiding in die onderwys= tegnologie. Die studente bestaan uit die volgende kategorieë:

(i) Nagraadse studente HOD(G).
(ii) Sekondêre diplomastudente HOD(S).
(iii) Junior primêre studente 3 jaar opleiding TOD(JP).
(iv) Senior primêre studente 3 jaar opleiding TOD(SP).
(v) Junior primêre studente 4 jaar opleiding THOD(JP).
(vi) Senior primêre studente 4 jaar opleiding THOD(SP).

Die aantal studente, naamlik 1324, is gebaseer op getalle wat by benadering van die betrokke Departementshoofde en Dekane van fakulteite by onderwyskolleges en universiteite verskaf is, toe die ondersoeker hierdie inrigtings aanvanklik besoek het.

Die uiteindelike aantal respondente is egter heelwat minder. Redes vir hierdie verskil is die volgende:

(i) Die gewysigde vraelys is aan twee groepe studente voor= gelê, 'n groep van 30 studente aan die Potchefstroomse Onderwyskollege en 'n groep van 30 studente aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Hierdie groepe studente het nie later die geredigeerde vraelys beantwoord nie.

(ii) Van die oorblywende proefpersone het sommige nie gerespondeer nie. Dit kan moontlik toegeskryf word aan siekte, afwesigheid en kansellasies.

### 7.2 Dosente

Die vraelys is voorgelê aan departementshoofde wat verantwoor= delik is vir die opleiding van die onderwysstudente in Oudio= visuele Onderwys of Onderwyshulpmiddels by die betrokke onder= wysersopleidingsinrigtings.

## 8. VOLTOOIING VAN DIE VRAELYS DEUR DOSENTE EN STUDENTE

Aangesien dit vir die ondersoeker onmoontlik was om die vraelyste self aan die studente voor te lê, is die prosedure vir die be= antwoording van die vraelyste aan die dosente wat vir die op= leiding van die studente verantwoordelik is, verduidelik. Die

betrokke dosente het die beantwoording van die vraelys deur studente gedurende 'n lesingperiode laat afhandel.

'n Aantal inrigtings het die vraelyste per pos teruggestuur terwyl die ondersoeker self die ander, na voltooiing daarvan, gaan afhaal het. Die vraelyste is betyds terugontvang.

Aangesien daar in die verwerking van die resultate nie van 'n rekenaar gebruik gemaak kon word nie, het die ondersoeker be= sluit om hierdie taak self af te handel.[1)]

## 9. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is uitsluitlik aandag aan die samestelling van die vraelys en die toepassing daarban bestee.

Onder andere is aandag gewy aan die samestelling van die vraelys in die lig van die neergelegde kriteria en doelwitte, vertaling van die vraelys aan studente, die voorlegging daarvan aan kenners vir kommentaar, die hersiening van die vraelys en die voorlegging daarvan aan twee groepe studente by wyse van voor= lopige toepassing. Op grond van die response en wenke van die studente is enkele veranderings aangebring in die vraelys.

In die geval van die vraelys aan dosente is dieselfde prosedure gevolg.

Hoofstuk 9 word gewy aan verwerking en tabulering van die ge= gewens wat uit die vraelys verkry is.

---

1) Die besluit is geneem in oorleg met dr. H.S. Steyn, verbonde aan die Rekenaarsentrum van die PU vir CHO.